

Tel: +27 (0) 41 506 3208/9
Fax: +27 (0) 41 506 2422

PO Box 215, Port Elizabeth, 6000
Republic of South Africa

e-Mail: cm@mandelametro.gov.za

OMSENBRIEF 01 VAN 2024

AAN : ALLE VERKOPERS EN VERSKAFFERS WAT SAKE DOEN MET DIE NELSON MANDELABAAI MUNISIPALITEIT (NMBM)

VAN : WAARNEMENDE STADSBESTUURDER

DATUM : 22 JULIE 2024

BEWUSTHEID GESKEP ONDER ALLE VERKOPERS EN VERSKAFFERS WAT SAKE DOEN MET DIE NELSON MANDELABAAI MUNISIPALITEIT (NMBM)

Hierdie kommunikasie het ten doel om bewustheid te skep onder alle verkopers en verskaffers wie se dienste deur die NMBM se Verskaffingskettingbestuur- ('SCM') prosesse verkry word om sake te doen met die Munisipaliteit.

U mag in verskeie vorms van kommunikasie (bv. koerante) gelees het van gevalle waar die NMBM die verwerking of vereffening van betalings binne die wetlike 30 dae van ontvangs van faktuur vertraag het. Onder die vernaamste redes vir hierdie vertraging is dat diensverskaffers moontlik toegelaat is om werk in sekere gevalle te onderneem wat, byvoorbeeld, nie binne die "oorspronklike omvang van werk" van die oorspronklike kontrak geval het nie, en wat indien vereffen word sonder dat interne prosesse behoorlik gevolg word, daartoe sal lei dat "onreëlmatige uitgawes" aangegaan word.

Ons moet daarop let dat onreëlmatige uitgawes in Plaaslike Regering nie toegelaat word nie kragtens die Wet op Plaaslike Regering: Bestuur van Munisipale Finansies ('MFMA') (56 van 2003).

Werk word in sekere gevalle buite die geldige kontraktydperk of sonder 'n geldige aankoopbestelling onderneem, wat ook daartoe lei dat die uitgawe nie aan die vereistes van die 'MFMA' voldoen nie en as ongemagtig, onreëlmatig, vrugteloos of verkwistend geklassifiseer word. Al hierdie tipe uitgawes word kragtens die 'MFMA' verbied, en sal lei tot vertraging in die betalingsproses aangesien ander interne prosesse in sodanige gevalle gevolg moet word voordat betaling vrygestel word.

Indien u besigheid opdrag ontvang om werk te onderneem wat buite die omvang van die werk van die oorspronklike kontrak val, of 'n behoefte is vir die verlenging van die oorspronklike kontrak, en enigiets anders as die oorspronklike kontrak, **maak asseblief seker dat voldoende magtiging deur 'n gemagtigde Munisipale Verteenwoordiger aan u toegestaan is om dit te doen.**

[NB: Indien u oorspronklike kontrak byvoorbeeld die "Verf van Mfanasekhaya Gqobose-gebou –

Govan Mbekilaan" behels het en u skielik by voltooiing van die opdrag/taak versoek word om 'n ander munisipale gebou te verf, begin asseblief deur navraag te doen oor die bestaan van die nodige magtiging om dit te doen voor u met sodanige werk voortgaan, aangesien dit sal lei tot probleme met die tydigte vereffening van u fakture, **"of dit mag dalk glad nie vereffen word nie"** siende dat dit sal neerkom op onreëlmatige uitgawes wat in u maatskappy se naam aangegaan is].

Ten einde die betekenis van die term **"Onreëlmatige Uitgawe"** te verstaan, is die volgende 'n uittreksel van Hoofstuk 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Bestuur van Munisipale Finansies (56 van 2003):

"Onreëlmatige Uitgawe", soos gedefinieer in die Wet op Plaaslike Regering: Bestuur van Munisipale Finansies (56 van 2003), met betrekking tot 'n munisipaliteit of munisipale entiteit, beteken:

- (a) uitgawe aangegaan deur 'n munisipaliteit of munisipale entiteit in stryd met, of wat nie in ooreenstemming is met 'n vereiste van die 'MFMA' nie, en wat nie kragtens Artikel 170 deur Nasionale Tesourie gekondoneer is nie;
- (b) uitgawe aangegaan deur 'n munisipaliteit of munisipale entiteit in stryd met, of wat nie in ooreenstemming is met 'n vereiste van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (32 of 2000) nie, en wat nie kragtens daardie Wet gekondoneer is nie;
- (c) uitgawe aangegaan deur 'n munisipaliteit in stryd met, of wat nie in ooreenstemming is met 'n vereiste van die Wet op Openbare Ampsdraers, 1998 (Wet nr. 20 van 1998) nie; of
- (d) uitgawe aangegaan deur 'n munisipaliteit of munisipale entiteit in stryd met, of wat nie in ooreenstemming is met 'n vereiste van die verskaffingskettingbestuursbeleid van die munisipaliteit of entiteit of enige van die munisipaliteit se regulasies wat uitvoering aan sodanige beleid gee nie, en wat nie gekondoneer is kragtens sodanige beleid of regulasie nie, maar wat uitgawes deur 'n munisipaliteit, wat binne die definisie van "ongemagtigde uitgawes" val, uitsluit.

Onreëlmatige uitgawes wat aangegaan word, het negatiewe gevolge soos vervat in die 'MFMA' en as sodanig word alle staatsorgane (insluitend munisipaliteite) verbied om sodanige tipe uitgawes aan te gaan.

Ek doen dus 'n beroep op u om, altyd, die bepalings en voorwaardes van die oorspronklike kontrak, **met 'n geldige aankoopkoopbestelling**, na te kom wanneer u met die NMBM sake doen.

Indien u enige klaarheid oor hierdie kommunikasie benodig, **wat voortaan as rigsnoer/advies dien**, kan u enige navrae aan onderskeidelik die Stadsbestuurder en/of Hoof- Finansiële Beampte se kantoor by cm@mandelametro.gov.za of cfo@mandelametro.gov.za rig.

Help ons sodat ons kan voorkom dat u besigheid nadelig geraak word, aangesien versuim om gehoor te gee kan lei tot vertraagde of nie-betaling vir goedere/dienste wat op onreëlmatige wyse ontvang of gelewer is.

Daarbenewens kan dit ook lei tot omslagtige litigasieprosesse tot nadeel van u maatskappy.



M GEORGE (Mnr)
WAARNEMENDE STADSBESTUURDER